# MAAGD VAN DIE SEE REEKS

## 5. Die Pêrel van Malsia



MEIRING FOUCHE

# DIE PEREL VAN MALSIA

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - PUBLISEERDERS

Strand Mews Strand

2025

# DIE PEREL VAN MALSIA

Die voorblad illustrasie vir die Maagd van die See-reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DIE PEREL VAN MALSIA
deur Meiring Fouche

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Stel jou voor ’n wêreld gekleur deur die woeste skoonheid van die sewe see, waar die belofte van avontuur hand aan hand gaan met die dreigende skaduwee van verraad. Hierdie is die arena waar Simon Verbeek, ’n bloedige eed sweer. Hy sweer wraak teen elke seerower wat sy pad kruis.

Verbeek se lewe is in skerwe gebreek toe seerowers nie net sy Kompanjie-skip, sy bron van eer en inkomste, gesteel het nie, maar ook sy skone vrou, Maria, weggevoer het. Met ’n hart vol woede en ’n onversadigbare dors na geregtigheid, begin Simon ’n desperate soektog, ’n gevaarlike reis wat hom tot aan die verre uithoeke van die bekende wêreld sal neem. Gestrand en magteloos in die onvergewensgesinde waters van die Kaap van Storms, sien Simon en sy oorlewende bemanning ’n onverklaarbare redding in die vorm van ’n spookskip. Hierdie verlate vaartuig hou egter meer as net die belofte van vryheid in. Dit is die begin van ’n raaiselagtige avontuur, ’n pad besaai met geheime wat wag om ontrafel te word, skatte wat die moeite werd is om voor te sterf en ’n skreeu wat jou in die dieptes van jou siel sal laat sidder.

Die pad na wraak is egter selde eenvoudig. Verbeek se soektog bring hom in ’n web van politieke intriges en onverwagte alliansies. Hy moet listige seerowers uitoorlê, onstuimige storms trotseer, en ’n dodelike spel van kat en muis speel met ’n geheimsinnige figuur wat homself Antonio de Santos noem. Deur dit alles bly Maria die vuur wat Verbeek se siel aan die brand hou. Haar liefde is sy kompas en sy motivering om die ondenkbare te trotseer. Maar terwyl hy haar probeer bevry uit die kloue van ’n meedoënlose koning, moet hy homself afvra. Is hy bereid om alles te waag, selfs sy eie lewe, vir ’n kans om sy geliefde te herwin? Te midde van die bloedige wraak en passievolle romanse lê die ware vraag. Hoe ver is ’n man bereid om te gaan wanneer alles wat hy liefhet van hom gesteel is? En wat sal die prys wees as hy die skokkende waarheid ontdek agter die Pêrel van Malsia?

## UITTREKSEL

Die groot seeman voel sterk en vry hier waar hy aan die stuur staan. Heen en weer laat hy Die Maagd van die See swaai. Hy weet goed genoeg dat De Santos sal vuur net wanneer hy die kans kry, want hy is reeds binne trefafstand.

Seker goed ’n uur speel hulle so kat en muis, maar terwyl hulle daarmee besig is, besef Verbeeck dat die agtervolgende seerowerskip hom steeds meer en meer inhaal.

Met die heen-en-weer-swaaiery het hy ook nog nie daarin geslaag om ver genoeg van die kus van Maleia af weg te kom nie en ook dit ontstem hom.

’n Paar maal probeer hy skielik skerp swaai sodat hy ’n volle laag kan inkry teen die seerowerskip, maar De Santos is ook ouer as twaalf. Hierdie maneuver verstaan hy maar te goed. Daarom gee hy vir Simon nie daardie geleentheid nie. Sodra Simon skerp swaai, swaai die Spanjaard ook sodat sy smal voorstewe altyd reg op Die Maagd van die See gerig moet bly.

Dit is toe Simon Verbeeck Die Maagd van die See weer ’n keer swaai wat Antonio de Santos, self een van die mees uitgeslape seevaarders, sy eie maneuver uitvoer. Toe Simon na links swaai, swaai De Santos vinnig na regs. En hy het die maneuver nog skaars voltooi of byna al sy kanonne aan stuurboord vuur ’n volle laag af op Die Maagd van die See.

Dit is ’n swak sarsie. Al wat dit uitrig, is dat dit ’n paar gate deur Simon Verbeeck se seile dryf.

De Santos kners op sy tande. Hy vlieg met sy dun swaard onder sy kanonniers in en met die plat kant looi hy hulle uit. Daar is niks wat hom so woedend maak soos ’n laag wat vermors word nie.

# DIE PÊREL VAN MALSIA
## Hoofstuk 1
### RAAISELAGTIG

Die wind staan suidoos en die sierlike seilskip, Die Maagd van die See, gly soos ’n groot swaan oor die deinende waters teenoor die Maleise skiereiland. Die stuurman van die groot vaartuig hou die speke van die stuur stewig in sy hande, want hy weet dat hy eers ’n tyd lank half noordwaarts moet vaar voordat hy skerp links swaai, die oneindige wydtes van die Indiese oseaan binne.

Vanoggend is dit rustig op die Maagd van die See. Die bemanning is besig om sonder haas of opwinding die dekke skoon te skrop, die kanonne op te vryf, hier en daar ’n skeurplekkie in ’n seil te herstel en al die honderde takies te verrig wat nodig is om ’n pragtige vaartuig soos hierdie aan die gang te hou.

In die kraaines, hoog teen die hoofmas wat stadig heen en weer swaai met die deining, kyk die uitkyk man ver en wyd oor die gladde see weg, want ’n mens weet nooit wat jou in hierdie deel van die wêreld kan te beurt val nie. Die Maagd van die See vaar dwarsoor die tradisionele roetes van die seerowers na die ryk land van Siam, die ewe ryk land van Maleia en ander Oosterse gebiede.

In die kajuit van die kaptein is dit ewe rustig. Daar is dit ’n idilliese toneel. Die swaar houtwerk van die vaartuig kraak ritmies soos dit deur die water gaan. By die tafel van rooi blink kiaat sit net twee persone. ’n Groot, rysige, donker man met ’n baard wat so swart is dat dit amper blou vertoon, ’n ruie bos swart hare en ’n gevoelig, dog sterk mond. Teenoor hom sit ’n pragtige vrou in haar dertiger jare. Sy is vol van boesem, sy het gitswart hare soos haar man, maar haar oë is gevoelig en haar mond sensueel sodat sy vir die meeste mans byna onweerstaanbaar is.

Hulle eet ’n ontbyt van vrugte, maar hul aandag is nie by die maaltyd nie.

Simon Verbeeck, kaptein van Die Maagd van die See, kyk ’n slag na sy vrou op. “My liewe Maria,” sê hy, “ek kan dit nog nie glo dat jy hier by my in hierdie kajuit sit nie. Ons… ons was so lank geskei, my vrou.”

“Vir my is dit soos ’n droom,” sê sy en haar glimlag verlig haar hele

gesig. “Vir my is dit net so ongelooflik, Simon.”
Meteens versomber sy oë. “Jy het my nog nie vertel hoedat daardie skurk, De Santos, jou behandel het nie. Jy het my nog niks van jou ondervindinge vertel in die hande van hierdie berugte seerower nie.”
Sy maak ’n gebaartjie met haar hande en trek haar skouers op. “Dit mag vir jou vreemd klink, my man,” sê Maria Verbeeck, “maar daar is eintlik nie veel om te vertel nie. Vreemd genoeg, Antonio de Santos het my met die grootste ridderlikheid en tegemoetkomendheid behandel. Hy was nooit ru teenoor my nie. Hy het my nooit te na probeer kom nie. Hy het my nooit gemolesteer nie. Inteendeel, hy het my behandel soos ’n prinses. Hy het vir my ’n spesiale kajuit afgesonder. My van die beste voedsel voorsien en baie weinig op my tyd inbreuk gemaak. Nou moet ek sê dat hy af en toe romanties probeer word het, maar dan het ek geweet hoe om hom af te skud. Hy het hom nooit aan my opgedring nie.”
Daar is ongeloof in Simon Verbeeck se oë toe hy na sy vrou luister. Maar toe besef hy dat wat sy daar sê die waarheid moet wees.
“Ek kan dit wel verstaan,” sê Simon, “dat Antonio jou goed sal behandel het. Jy sien, my vrou, jy was die prys wat hy aan die koning van Siam wou gaan oorhandig. In ruil daarvoor sou hy van die koning ontvang die fabelagtige Robyn van Boeddha. Dit is ’n fantastiese juweel.”
“Sover ek verneem het, is die huidige koning van Siam ’n man van ligte sedes wat feitlik net begaan is oor skone vroue uit alle dele van die wêreld. De Santos het hom gaan besoek en gehoor van die robyn en aan die koning ’n aanbod gemaak dat hy vir hom ’n skone vrou sou bring in ruil vir die juweel. As ek jou nie betyds op see gered het nie, dan was jy nou in die paleis van die koning van Siam. En ek wonder of hy jou so ridderlik sou behandel het soos De Santos.”
“Moet ons daaroor praat? Dit is alles verby, man. En ek is so trots op jou dat jy daarin geslaag het om my te red uit die kloue van De Santos. Hoe aangenaam en tegemoetkomend hy ook al was, vir my bly hy ’n afskuwelike vent. Ek kan dit nou nie help nie, maar elke keer wanneer De Santos na my kyk, dan vul dit my met weersin.”
Simon staan op van die tafel af, kom stap agter haar om en lê sy hande op haar skouers. Hy druk sy gesig in haar geurende, welige hare. “Ek is

so bly dat ons bymekaar is, my Maria," sê hy. "Nou kan ons weer ons lewe saam voortsit."

Sy buig haar mooi hoof agteroor en hy sien dat sy hom om 'n soen vra. Simon soen haar lank en innig. En toe hy eindelik orent kom, fluister sy. "En wat is jou plan, Simon? Waarheen vaar ons op hierdie heerlike môre?"

Haar vraag wek in die groot man 'n opgewondenheid, 'n ywer wat hom heen en weer deur die kajuit laat stap met sy hande agter sy rug. Sy skouers is vooroor, sy oë is afgetrokke.

"My vrou," sê Simon Verbeeck, "ek het so pas 'n goeie taak volbring. Ek is net jammer dat ek nie vir De Santos kon uitwis nie. Ek het hom goed genoeg vasgekeer gehad in die inham langs die kus van Maleia. Maar ongelukkig is die kanonne van Die Maagd van die See nie opgewasse teen die kanonne van De Santos nie.

"Ek het hom uitoorlê bloot deur maneuvrering. As dit op 'n reguit geveg afloop, dan moet ek die onderspit delf teen De Santos. Daarom vaar ons nou na die Kaap die Goeie Hoop. Daar wil ek Die Maagd van die See opnuut gaan uitrus met seil en kanon, met voorrade. Dan wil ek die see weer in op soek na seerowers."

"Simon," sê Maria verbaas. "Wil jy tog nie die stryd aanknoop teen die seerowers nie?"

Hy swaai om voor die patryspoort waardeur die koel lug binne vloei. Sy oë is helder en vol ywer. "Ja, my vrou, dit is my doel. Dit is my lewensroeping. Seerowery is 'n barbaarse praktyk. Dit het my groot leed aangedoen. Deur seerowers het ek die bevel oor 'n pragtige skip verloor. Deur seerowers moes ek 'n ellendige visserman word aan die Kaap die Goeie Hoop. Deur 'n seerower het ek my vrou verloor en lank na haar gesoek voordat ek haar weer gevind het.

"Kan jy verstaan dat dit 'n wrok in my geskep het? Kan jy verstaan dat dit my daartoe gebring het om oorlog te verklaar teen elke enkele seerower op die sewe seë van die wêreld? Veral teen De Santos, daardie uiterste skurk wat so wreed is dat dit nie beskryf kan word nie. Die wandade van De Santos op die see is legio. Hy roof nie net nie, hy vermoor ook. Op hierdie skip is vandag 'n man sonder tong, 'n goeie seevaarder wat aan die hand van De Santos sy tong verloor het. Hy sal nooit in sy lewe weer kan praat nie.

“Dit is die dinge wat my in opstand gebring het en wat my laat besluit het dat ek vir die res van my lewe teen seerowers gaan veg.”

“Maar, my man, dit is gevaarlik!”

ŉ Oomblikkie swyg hy en hy glimlag vir haar sodat sy baard daarvan roer. “Ja, dit is waar,” sê Simon Verbeeck, “dit is gevaarlik. Dit is meer as gevaarlik. Om teen die seerowers te veg, is om na jou dood te soek. Want hoewel hulle mekaar beveg, is hulle kop in een mus sodra hulle teen ’n gemeenskaplike teëstander te staan kom. Hulle sal gou genoeg weet dat Simon Verbeeck hul onverbiddelike vyand is.”

Hy begin weer deur die kajuit dwaal. “Maar ons sal nie nou daaroor praat nie, my vrou. Hierdie reis oor die Indiese oseaan na die Kaap die Goeie Hoop, is vir ons ’n tweede wittebroodsreis. Ons gaan net rus en gesels en drome droom. Aan die Kaap die Goeie Hoop sal ek van Die Maagd van die See ’n vaartuig maak wat in staat sal wees om die beste seerower die hoof te bied.”

Weer swyg hy ’n oomblik en kyk aandagtig na haar. “Wat voel jy lus om te doen, Maria? Moet ek vir ons ’n huis bou in die Kaap die Goeie Hoop? Dit is ’n pragtige Kaap. Die klimaat is heerlik gematig. Die reën is volop, die grond is geil. Hulle het daar al pragtige wingerde. Hulle het al baie eikebome geplant. Die volksplanting daar is besig om mooi te ontwikkel. Wil jy jou daar gaan vestig, Maria?”

Sy kyk op haar hande af en toe kyk sy weer na hom op. “Jy weet goed genoeg,” betig sy hom met ’n glimlag, “dat die see in my bloed is net soos dit in jou bloed is. Waarom moet ek op die land sit onderwyl jy die see deurkruis?”

Hy spring vinnig na haar toe, neem haar smal bruin hande in syne en druk hulle teen sy lippe. “Jy is die kosbaarste wat ek besit. As jy saam met my wil reis, dan kan jy dit doen, want ek sal elke haar van jou hoof met my swaard verdedig. Ek sal vir jou ’n groot kajuit hier op Die Maagd van die See laat inrig waar jy jou dae kan slyt naby my.”

“Dankie, Simon,” fluister sy liefderyk, draai haar gesig in sy hande en kyk dankbaar na hom op.

Hy vul hul drinkbekers weer met wyn. Hy kom sit hier naby haar om haar opnuut te bewonder, want sy is die skoonheid self. Haar vel het die kleur van olyf, haar oë is helder en haar hare blink van lewenskragtigheid.

Toe Simon Verbeeck en Maria Verbeeck hul bekers lig om op mekaar se goeie gesondheid te drink, verstyf die seeman daar bo in die kraaines. Hy vee sy oë uit en kyk nog ’n maal. Hy kyk met al die aandag en konsentrasie waartoe hy in staat is. Sy liggaam het verstyf. Dit is asof alles vir hom tot stand gekom het. Asof selfs Die Maagd van die See nie meer beweeg nie.

Ver in die agtergrond sien hy dofweg die wasige blou lyn van die kus van Maleia. En hier in die voorgrond duskant die kus sien hy ’n voorwerp wat hom eers aan ’n groot vis laat dink. Maar ’n vis is dit nie. Dit is iets wat skynbaar wanhopig in die rigting van Die Maagd van die See gevaar kom. Hy kan dit nie mooi uitmaak nie. En omdat hy dit nie mooi kan uitmaak nie, skreeu hy so hard as wat hy kan na die manne op dek. “Ek sien iets ooswaarts… ek kan nie uitmaak wat dit is nie.”

Die skreeuende aankondiging van die man in die kraaines veroorsaak beroering daar op die dekke. Manne wat hoog op die dwarsmaste sit om seile en toue te repareer, hou die hande oor die oë en kyk weg oor die see om te sien wat dit is wat die waarnemer dan sien.

Eintlik is dit maar net ’n klein swart spikkel op die spieëlwaters hier langs die kus, maar dit kom doelbewus in hierdie rigting. En die van hulle wat fyn oë het, verbeel hulle dat dit ’n vaartuig is.

“Gaan sê vir die kaptein,” skreeu die man uit die kraaines.

Simon Verbeeck is net weer besig om sy aanvallige vrou weer te soen toe op die deur geklop word.

“Kom binne,” roep hy ongeduldig uit. En toe die seeman binnekom, sy kopdoek eerbiedig in sy hande saamgevou, is daar onweer op die sterk donker gesig van Simon Verbeeck. “Wat is dit, man?” vra hy bevelend.

“Die man in die kraaines het iets gewaar, Kaptein.”

Simon se oë lewe meteens van wakkerheid en agterdog.

“Iets gewaar? Wat gewaar, man? ’n Orkaan of ’n seerower of wat?”

“Ons kan dit nie uitmaak nie, Kaptein.”

Sonder ’n verdere woord spring Simon na sy kaarttafel, raap sy teleskoop op en vlieg by die kajuit uit.

Hy spring die trappe op na die voordek, ruk die teleskoop oop en kyk in die rigting waarheen die waarnemer in die kraaines beduie.

Simon Verbeeck kyk lank en aandagtig deur die teleskoop na die voorwerp wat daar oor die water aan gegly kom. Wat dit is, is vir hom

heeltemal duidelik, maar hoe meer hy daarna kyk, hoe meer opgewonde raak hy, hoe meer verwonderd.
Hy laat die teleskoop ’n slag sak. Hy bring dit weer voor sy oë. Hierdie ding kan hy maar nie kleinkry nie. Hy neem die horison op, maar dit is leeg. Hy sien nie ’n seil of ’n ding nie. Al wat die stilte van die see verstoor, is die voorwerp wat hier uit die rigting van die kus van Maleia op Die Maagd van die See afgevaar kom.
Toe hy omdraai, gee Simon ’n paar kort en kragtige bevele. Die stuurman swaai die stuur skerp. Die Maagd van die See leun laag oor en swaai sy voorstewe in die rigting van die land. Weldra vaar die groot skip pylreguit af op die swart stippel wat almal hier op Die Maagd van die See so diep interesseer.
Weer kyk Simon Verbeeck deur sy teleskoop daarna. Sy seemanne staan nuuskierig om hom heen, maar hy swyg. Hy sê nie wat hy sien nie, want wat hy sien, is vir homself so vreemd dat hy dit nie kan uitlê nie...
Simon Verbeeck bly op die voorstewe van sy vaartuig staan onderwyl dit vinnig op die voorwerp afvaar.
Die seemanne moet maar geduldig wag totdat hulle dit kan uitken en toe hulle dit eindelik uitken, kyk hulle verras en verbaas na mekaar.
Dit is ’n doodgewone vaartuig. Een van die soort wat die mense in hierdie dele van die wêreld gebruik.
Wat hulle die meeste opval, is dat die lang skuit met alle mag vorentoe geroei word. Daar is haas in die beweging van die roeispane. Die stuk of ses man in die skuit buig laag vooroor, ruk die roeispane dan driftig agteruit en die smal snoet van die klein vaartuig sny hier manhaftig deur die branders.
Die manne staan en bespiegel wat dit kan beteken. Wie is hulle wat hier so inderhaas van die kus van Maleia af na Die Maagd van die See gevaar kom?
Is hulle blankes of is hulle inboorlinge? Dit is die vraag wat almal besig hou.
Hulle is kort by die skuit voordat hulle kan sien dat daar ses man in is en dat hulle inboorlinge is.
“Wat sou dit beteken, Kaptein?” vra Wilhelm Rieckert, Simon Verbeeck se regterhand.